

**Sing vooraf staande: Psalm 62:4, 5 (p. 302)**

- 4 Maar jy, my siel, swyg stil voor God, / beskikker van jou lew<sup>e</sup>en lot,  
wat nooit sy woord ontrou sal wees nie. / God is my rots, 'n skans vir my,  
Hy sal my voetstap veilig lei, / ek hoef geen wankeling te vrees nie.
- 5 In God is al my heil, my eer, / my sterke rots en teëweer.  
God is my toevlug in die lewe. / Vertrou op Hom, o volk, in smart  
stort voor Hom uit jul hele hart, / God is 'n skuilplek, hoog verhewe.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

**Psalm 145:1, 2, 3 (p. 696)**

- 1 U Naam, o HEER, so hoog in heerlijkheid, / wil ek verhef vir ewig en altyd;  
u Koningseer wat alle krone<sup>o</sup>oorstraal, / wil ek verhoog in onvermoeide taal.
- 2 Die HEER is groot, daar is geen sanggeluid / wat ooit sy lof in volle waarde uit!  
Dit is 'n see waar niemand in kan meet, / dit is 'n vloed waar ons geen grond van weet.
- 3 Omdat, o God, in dié geheimenis / vir ons vernuf geen grond of einde is,  
daarom prys ons u wérk, u dáád van krag, / van kind tot kind, tot in die nageslag.

**Gebed**

**Psalm 27:4, 6 (p. 127)**

- 4 My hart sê my, omring deur donkerhede: / "O soek die HEER, die bron van lig en krag."  
Ek soek u aangesig in my gebede; / verberg dit nie wanneer ek op U wag.  
Wys tog u kneg nie af, dat ek, o HEER, / die glans van u genade nooit ontbeer.  
U is my hulp, die God van heil op wie / ek vas vertrou – begeef, verlaat my nie!
- 6 As ek op aard, deur soveel smart omgewe, / omring deur droefenis en dood en rou,  
nie meer sou glo dat ek in hierdie lewe / die goeie van Gods hand nog sal aanskou –  
dan het ek lankal in my druk versmag. / Wees sterk, my siel, wees altyd sterk en wag!  
Die HEER sal hoor en op jou roepstem merk, / Hy sal jou weer met nuwe krag versterk.

**Skriflesing:** Lukas 18:1-8; Heidelbergse Kategismus, Sondag 45:116-117

**Kernvers:** Lukas 18:7-8a

**Sal God dan nie reg doen aan sy uitverkorenes wat dag en nag tot Hom roep nie, al is Hy ook lankmoedig in hulle geval? Ek sê vir julle dat Hy gou aan hulle reg sal doen.**

(Lukas 18:7-8a AFR53)

**Heidelbergse Kategismus**

**Vraag 116: Waarom is die gebed vir die Christene nodig?**

*Antwoord: Omdat dit die vernaamste deel van die dankbaarheid is wat God van ons eis (a), en omdat God sy genade en Heilige Gees alleen aan hulle wil gee wat Hom met hartlike versugtinge sonder ophou daarom bid en daarvoor dank (b).*

(a) Ps 50:14. (b) Matt 7:7; Luk 11:9, 13; 1 Tess 5:17.

**Vraag 117: Hoe moet 'n gebed wees wat God behaag en deur Hom verhoor word?**

*Antwoord: Ten eerste moet ons alleen die enige ware God, wat Hom in sy Woord geopenbaar het (a), van harte aanroep (b) vir alles waarvoor Hy ons beveel het om te bid (c). Ten tweede moet ons ons nood en ellende reg en grondig ken (d) sodat ons ons voor sy majesteit kan verootmoedig (e). Ten derde het ons hierdie vaste grond (f) dat Hy ons gebed, hoewel ons dit nie verdien nie, tog ter wille van die Here Christus sekerlik wil verhoor (g) soos Hy dit vir ons in sy Woord beloof het (h).*

*(a) Open 19:10; Joh 4:22-24. (b) Rom 8:26; 1 Joh 5:14; Jak 1:5. (c) Joh 4:24; Ps 145:18. (d) 2 Kron 20:12. (e) Ps 2:11; 34:19; Jes 66:2. (f) Rom 10:14; Jak 1:6. (g) Joh 14:13; 16:23; Dan 9:18. (h) Matt 7:8; Ps 27:8.*

### **Tema: Hou aan om te bid; God sal jou antwoord**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, dit gebeur dat ons soms voel of God nie ons gebede hoor nie. Ondanks al die beloftes van die Here dat Hy wel na ons gebede luister en dit verhoor, ja, selfs ondanks die feit dat die Here sê ons gelowiges se gebede het 'n kragtige uitwerking, kry ons steeds die gevoel dat ons gebid sommer net woorde in die wind is. Jy bid nou al hoe lank oor jou gesondheid of vir 'n beter werk of dat julle as huisgesin weer in 'n hegte verhouding met die Here en gevolglik ook met mekaar kan saamleef, maar daar gebeur net niks nie. Jou gesondheid is besig om al meer en meer agteruit te gaan. Jou werksomstandighede by die werk waar jy nou is versleg by die dag. As huisgesin dryf julle al verder uitmekaar uit terwyl die argumente net hewiger word en die tye van stilstupe net langer duur.

Wanneer dit met 'n mens gebeur, is dit genoeg om jou tot in jou siel in moedeloos te maak. En 'n mens kan so moedeloos word dat jy naderhand vir jouself sê: Ag, dit help nie eers meer om te bid nie. Met hierdie gelykenis wil Jesus ons juis kom leer om nie op te hou bid nie. Sommer in die heel eerste vers sê die Heilige Gees:

**En Hy het ook aan hulle 'n gelykenis vertel met die oog daarop dat 'n mens gedurig moet bid en nie moedeloos word nie.** (Lukas 18:1 AFR53)

Aan die een kant is dit vir ons 'n groot voorreg om te mag bid. Ons is maar sondaars wat niks behalwe die oordeel van God verdien nie en tog mag ons al ons geestelike en liggaamlike behoeftes na Hom in gebed bring. Aan die ander kant is dit ons plig om te bid. Ons bely dan hier op grond van die Here se uitspraak in Psalm 50 dat God van ons eis om te bid. Terselfdertyd sou dit heeltemal verkeerd wees, ja, selfs 'n sonde om nie te bid nie. Iemand wat nie wil bid nie omdat dit vir hom voel asof die Here nie gebede verhoor nie, glo nie werklik in God soos wat Hy Homself in sy Woord openbaar nie. Verder wil so iemand nie meer op die Here vertrou nie, want hy reken dat hy op sy eie goed genoeg sal regkom.

Broers, susters en kinders, in hierdie gelykenis tref Jesus nie 'n vergelyking tussen ons hemelse Vader en hierdie onregverdige regter nie, maar 'n vergelyking tussen die weduwee en ons as kinders van die lewende God. Jesus leer ons watter uitwerking opdringerigheid of moeite aandoen op mense het wanneer niks anders hulle meer kan beïnvloed nie.

Jesus begin om die karakter van die regter in 'n sekere stad te skets. Hierdie regter het nie vrees vir God nie en hy het geen mens ontsien nie. Dit blyk uit hierdie beskrywing dat die regter 'n volslae heiden was. Die vrees van die Here, die eerbied en ontsag vir God wat in 'n ware gelowige se hart leef, was totaal afwesig by hom. En iemand wat geen vrees vir die Skepper het nie, gee net mooi niks vir ander mense om nie. In sy eie oë is hy die belangrikste, en alles en almal moet na sy pype dans.

Sulke ongelowigheid en onmenslikheid is slegte eienskappe vir enige mens, maar dit is nog slegter as dit 'n regter is wat die gesag in die hand het om 'n oordeel uit te spreek.

'n Regter is juis iemand wat sy werk moet doen aan die hand van riglyne waar eerbied vir God en regverdigheid heers. In 'n land waar eerbied vir God en regverdigheid nie meer die maatstaf in die howe is nie, word dit nag. So 'n land is dan uitgelewer aan die giere en grille van sondaars.

In dieselfde stad waar hierdie onregverdige regter was, was daar ook 'n weduwee. Om haar nood behoorlik te begryp, is dit nodig dat ons iets weet van die sosiale omstandighede van weduwees in die Bybelse tyd. Weduwees en weeskinders het in die Bybelse tyd geen regte gehad nie. In die destydse samelewing het net mans 'n sê gehad. Mans was letterlik die baas in die samelewing van destyds. En as 'n vrou 'n weduwee geword het sonder 'n volwasse seun wat haar kon help, was haar toestand benard. Dink maar net watter probleme Naomi, die weduwee-skoonma van Rut, gehad het toe haar man en seuns gesterf het. Sy was totaal afhanklik van familie en die familie kon boonop nog weier om te help ook.

Ons het almal al seker gehoor van 'n weduwee in vandag se tyd wat deur 'n skelm ingeloop is sodat sy al haar besittings verloor het. Dit gebeur vandag steeds in 'n samelewing waar vroue al lankal regte het om hulleself te beskerm. Hoe erg moes dit nie vir hierdie weduwee gewees het in die tyd toe sy geleef het nie. Iemand het haar so ingeloop dat sy geen ander uitweg gehad het nie as om na die regter te gaan en te pleit dat daar reg aan haar gedoen moet word.

Nou moet ons dit bysê. Van die vroegste tye af het die Here sy volk beveel om besonder na die weduwees en weeskinders om te sien aangesien hulle tradisioneel geen regte het nie. 'n Regter wat dan regverdig oordeel in 'n weduwee se saak teen haar teenparty, sou God navolg. Met dit in gedagte besef ons in watter groot dilemma hierdie weduwee was. Die regter in hulle stad was oral bekend as 'n onregverdige mens en juis by hom moes sy gaan pleit dat daar reg in haar saak moet geskied.

En ons hoor dat hy 'n tyd lank niks aan haar saak wou doen nie. Tipies van sy geaardheid sou hy homself verlekker het in die onreg wat sy onder haar teenparty gely het. Hy het mos in elk geval niks vir enige ander mens omgee nie. Sy kon die regter ook nie 'n omkoopgeskenk gee nie en nog minder het sy 'n vriend gehad wat in haar plek haar saak by die regter kon bepleit.

Uiteindelik het haar aanhoudende gevra hierdie regter so ver gedryf dat hy tog maar haar saak aangehoor het. Hy sê dit self: **omdat hierdie weduwee my moeite gee** (Lukas 18:5 AFR53). Al wat gehelp het dat die regter tog na haar saak geluister het en reg aan haar laat geskied het, was omdat sy so aanhoudend was. Net haar aanhoudende gevra het tot die deurbraak gelei.

Wanneer Jesus nou hierdie gelykenis toepas, spoor Hy ons nog meer aan om aanhoudend vurig en gelowig te bly bid. In die eerste plek verseker Jesus ons dat God regtig ons gebede sal verhoor deur die onregverdige regter teenoor God ons Vader te stel. Jesus sê:

**Hoor wat die onregverdige regter sê. Sal God dan nie reg doen aan sy uitverkorenes wat dag en nag tot Hom roep nie, al is Hy ook lankmoedig in hulle geval?** (Lukas 18:6-7 AFR53)

Die antwoord wat op hierdie vraag verwag word, is: Ja.

Geliefdes, in ons kernverse is daar vier redes hoekom ons ja kan antwoord op Jesus se vraag. Die eerste rede gaan oor wat gelowiges verlang en verwag wanneer hulle bid. Hulle verwag dat God aan sy uitverkorenes reg sal doen. Let mooi op, Jesus praat hier van

uitverkorenes wat bid. In hierdie wêreld is daar mense wat aan God behoort omdat Hy hulle uitgekies het. En God het hulle nie uitgekies omdat hulle bid nie. God het hulle uitgekies omdat Hy hulle liefhet. En omdat hulle deur God uitverkies is, bid hulle tot Hom. Wil jy weet of jy uitverkies is? Antwoord dan net op hierdie vraag dood eerlik voor die Here. Glo jy met jou hele hart dat Jesus Christus vir al jou sondes aan die kruis betaal het en dat Hy die Seun van God is? As jy eerlik en oortuig ja kan antwoord, is jy 'n uitverkorene van God.

En juis omdat ons uitverkorenes aan God behoort, sal ons baie teenstanders in hierdie wêreld hê. Die Satan staan somer eerste in die ry. En hy gebruik mense wat nie in God glo nie om ons van God af weg te trek. Maar sy beste maatjie is my en jou sondige geaardheid. As ons dan bid, vra ons die Here om ons juis teen hierdie vyande te beskerm. 'n Gelowige wat bid, verlang dat God reg aan hom sal doen omdat God hom uitgekies het.

'n Tweede rede hoekom ons ja op Jesus se vraag kan antwoord, gaan oor wat van ons verwag word wanneer ons bid dat God reg aan ons moet doen. Uitverkorenes roep dag en nag tot God, nie omdat Hy hulle nie hoor nie, maar juis omdat hulle seker is dat Hy hulle sal verhoor. Die Here wil hê dat ons aanhoudend dag en nag tot Hom moet bid, nie omdat hierdie aanhoudende gebed Hom oorreed om iets te doen nie, maar omdat ***Hy slegs sy genade aan hulle wil gee wat Hom met hartlike versugtinge sonder ophou daarom bid en daarvoor dank.***

En ons mag ook spesifiek wees in ons aanhoudende gebede. Paulus sê hy het die Here drie maal gevra om die doring uit sy vlees te haal. Ons mag vra: Here, help my om my opstandige geaardheid te onderdruk sodat daar vrede in ons huisgesin kan kom en u Naam en Woord nie deur ons onteer sal word nie. Here, bewapen U my met die liefde en die wysheid van die Heilige Gees sodat ek 'n sagte antwoord op 'n kwetsende woord kan gee. Here, laat u Gees my selfbeheersd maak sodat ek nie vandag weer so maklik kwaad word nie. Geliefdes, die Here wil hê ons moet Hom geen rus gee met ons gebede nie. Hoor hoe staan dit in Jesaja 62 geskryf:

**o Julle wat die HERE herinner aan sy beloftes – moenie rus nie en laat Hom nie met rus nie, totdat Hy Jerusalem bevestig en maak tot 'n lof op aarde!**  
(Jesaja 62:6-7 AFR53)

'n Derde rede het te doen met die teleurstellings wat ons soms op ons gebede beleef. Jesus vra:

**Sal God dan nie reg doen aan sy uitverkorenes wat dag en nag tot Hom roep nie, al is Hy ook lankmoedig in hulle geval?** (Lukas 18:7 AFR53)

Maar natuurlik sal Hy, want hoor hoe sê Jesus dit:

**Ek sê vir julle dat Hy gou aan hulle reg sal doen;** (Lukas 18:8a AFR53)

Nou weet ek elkeen van ons kan opspring en vra, maar is dit regtig waar? Ek bid al so lank oor hierdie of daardie saak en kan nie sien dat daar al iets gebeur het nie. Broers, susters en kinders, die feit dat ek en jy nog nie sien wat gebeur het op ons gebede nie, beteken nie dat God nie geantwoord het nie. Ons moet baie maal nie die antwoord sien nie, maar dit eers hoor. En dit is waar ons moeilikheid inkom. Die antwoord wat die Here gee, is nie altyd die een wat ons graag wou hoor nie. Soms is sy antwoord: Nee, soos vir Paulus wat die doring uit sy vlees wou hê. Ander kere is sy antwoord: Wag so 'n bietjie, soos in die geval van Israel wat deur die Egiptenare slawe gemaak is en wreed behandel is. Al is die antwoord nie altyd soos wat ons dit verwag het nie, kan ons seker wees dat God ons elke keer gou sal antwoord.

Ons het nou al drie redes gehoor hoekom God reg sal laat geskied aan sy uitverkorenes. Die eerste rede is omdat Hy hulle uitverkies het, die tweede rede omdat hulle aanhou bid soos wat Hy verwag en die derde rede omdat Jesus sê dat God gou sal antwoord.

Die vierde rede, geliefdes, hoekom ons ja op Jesus se vraag kan antwoord, kry ons uit die vergelyking tussen ons as uitverkorenes en hierdie weduwee. Hierdie weduwee se saak is na 'n lank tyd aangehoor en daar is reg aan haar laat geskied. Ons sal genade van die Here ontvang, al gebeur dit soms dat dit vir ons voel of die Here dit lankal vir ons moes gegee het. Hierdie weduwee het aangehou vra. Ons uitverkorenes kan nog meer aanhou bid. Luister net hoekom.

Hierdie weduwee was 'n vreemdeling vir die regter. Hulle was op geen manier aan mekaar verbind nie. God is vir ons nie 'n vreemdeling nie en ons ook nie vir Hom nie. Op grond van Jesus Christus se offer aan die kruis vir ons is God ons hemelse Vader. Op grond van God se liefde in en deur Jesus Christus vir jou en my is ons God se uitverkore kinders.

Hierdie weduwee het na 'n regter toe gekom wat haar op 'n afstand gehou het. Wanneer ons na God toe kom in gebed, kom ons na iemand toe wat as ons Vader ons na Hom toe roep. Hy wil ons naby Hom hê en Hy wil hoor hoe ons Hom om genade bid en daarvoor dank.

Hierdie weduwee het by 'n onregverdige regter uitgekom wat op haar neergesien het. Ons kom in ons gebed by die regverdige Vader uit – die Vader wat sy eer daarin stel om na die nood van sy kinders om te sien.

Hierdie weduwee het ter wille van haarself na die regter toe gegaan. Wanneer ons in gebed na die Here gaan en smee dat Hy volgens sy eie wil ons saak moet behartig, kan ons weet dat God ter wille van Homself ons sal verhoor. Daarom kon die gelowiges in die Psalms met soveel oorgawe tot die Here roep en vra dat Hy ter wille van sy Naam sy kinders sal beskerm.

Hierdie weduwee het nie 'n vriend gehad wat haar saak voor die regter kon behartig nie. Sy moes maar op haar eie ongeleerde woorde staat maak. Ek en jy, broer, suster en kind, het egter 'n Advokaat by God in die hemel. Jesus Christus behartig elke oomblik ons saak by God wanneer Hyself vir ons by God intree, en Jesus ken elkeen van God se kinders op die naam.

Hierdie weduwee het geen belofte gehad dat haar saak spoedig gehanteer sou word nie. Sy het nie eers die waarborg gehad dat sy sou kry wat sy behoort te kry nie. Ons, aan die ander kant, het 'n belofte uit die mond van Jesus self. Hy sê:

**Bid, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word. Want elkeen wat bid, ontvang; en hy wat soek, vind; en vir hom wat klop, sal oopgemaak word. (Matteus 7:7-8 AFR53)**

Hierdie weduwee kon net sekere tye van die dag by die regter uitkom, naamlik bedags wanneer hy op kantoor is. Ons God werk nie volgens kantoorure nie. Nooit sal ons by die poorte van die hemel kom met ons gebed net om te vind dat die Here vir die dag verlov geneem het nie. Ons kan enige tyd van die dag of nag tot Hom roep en weet Hy hoor ons. Dit gee ons nog meer rede om aan te hou met ons gebede.

En einde ten laaste was dit die weduwee se aanhoudende gevra wat die regter daartoe gedryf het om tog haar saak aan te hoor. Hy het haar aangehoor net sodat sy moes

ophou. Ons aanhoudende gebid en vra oor dieselfde ding is nie irriterend of lastig vir die Here nie. Inteendeel, die Here vind juis vreugde daarin dat sy kinders aanhoudend tot Hom nader in gebed. Hy wil ons hoor praat met Hom. Hy wil hê ons moet aanhoudend vra, want daardeur word ek en jy seker dat ons van God afhanklik is en bly.

Geliefdes, ons kan aanhou bid tot God, en verseker weet dat Hy ons hoor en ons gebed sal verhoor. Ons is immers sy uitverkore kinders, en Hy is ons hemelse Vader. Hy verwag nie net van ons om gedurig tot Hom te bid nie; Hy beveel ons om gedurig tot Hom te bid. En, ja, soms gebeur dit dat sy antwoord nie die een is wat ons verwag het nie, maar Hy sal altyd antwoord en gou ook. Kom ons vra die Here om ons ore en oë oop te maak sodat ons kan hoor en sien hoe getrou Hy ons gebede verhoor. Die weduwee kon aanhou, maar ons kan nog soveel méér aanhou, want ons praat met die lewende God wat ons hartstogtelik liefhet.

**Amen!**

Slotgebed

Skrifberyming 14-2

Al sou dan ook die vyeboom nie bot nie, / Al sou die wingerd sonder druiwe staan;  
Die graan verdor, die vrugteboorde wegkwyn, / Die beeste, kleinvee, alles hier vergaan –  
Nóg sal ek juig en bly wees in my God! / Hy is my hulp, Hy gee my krag.  
Hy laat my loop waar rats die ribbok gaan; / Hy laat my vas en veilig staan!

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
8 Februarie 2015